# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 10**

**VRAESTEL 1**

**NOVEMBER 2022**

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Begripstoetse | [30] |
| AFDELING B: | Opsomming | [10] |
| AFDELING C: | Taalwerk | [40] |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Skryf jou Afrikaanse onderwyser se naam op die voorblad.
   [Me. Haluman, Jordaan, Meiring, Middleton, Ramdani]

4. Gebruik dieselfde nommers as in die vraestel.

5. Laat ‘n reël oop tussen elke antwoord.

6. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

**STERKTE!!**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die volgende artikel deur en beantwoord al die vrae wat volg.

**TEKS A:**

## Donnalee oor gróót toekenning en 'n lewe in die kollig!



1 Die kinderlike opgewondenheid is duidelik hoorbaar in Donnalee Robert (34) se stem.

2 "Ek is só opgewonde hieroor, nie net vir *Stroomop* nie, maar vir alle Suid-Afrikaanse rolprente. Al sou dit nie ons fliek gewees het wat hierdie toekenning *[award]* ontvang het nie, maar 'n ander Suid-Afrikaanse prent, sou ek net so bly gewees het, want dit beteken ons stories word op die internasionale verhoog gehoor," sê sy.

3 Die fliek *Stroomop* het so pas die *Grand Remi*-prys vir die beste fliek op die 52ste internasionale wêreldrolprentfees in Houston in die VSA gewen. Dié fees is een van die oudste rolprentfeeste ter wêreld en van die vorige wenners is Steven Spielberg, George Lucas, Ridley Scott en Randal Kleiser. En nou kan Ivan Botha, skrywer en regisseur van die fliek *Stroomop*, ook sy naam by die lys voeg.

4 "Ek is so trots op Ivan! Hierdie was sy eerste fliek en dan kry hy nog 'n internasionale toekenning ook. Hy is net gebore om flieks te maak!" sê Donnalee oor haar sakevennoot en verloofde *[fiancé]* van die afgelope twee jaar. "Ek weet hy is ook uit die veld geslaan hieroor. Hy is baie kalmer oor sulke goed – ek ontplof van opgewondenheid terwyl hy rustiger reageer," lag sy.




*5 Stroomop* is 'n avontuurprent en vertel die verhaal van vyf vroue wat die stormagtige waters van die Oranjerivier aandurf. Die prent is in baie moeilike omstandighede op die Oranjerivier naby Onseepkans in die Noord-Kaap en rondom Johannesburg geskiet. Die temas van die fliek is selfontdekking, aanvaarding en vergifnis.

6 Hulle het het ook in Januarie vanjaar die klerereeks *The Romantic Collective* bekendgestel, een van Donnalee se lewenslange drome wat hulle saam bewaarheid het. "Ek is '*n hopeless romantic*," erken Donnalee.



"Ek kan my kas oopmaak en enigiets uit my kas uithaal en vir jou sê ek het hierdie rokkie gedra toe ons gaan roomys eet het, toe ons gaan piekniek hou het, toe ek daardie groot vergadering moes bywoon." Donnalee ontwerp baie van haar klere self.

7 Donnalee was ook deel van Laeveld Agrichem se Seil-safari waar sy honderde vroue op dié MSC-boot toegespreek het. "Ek is 'n passievolle motiveringspreker, ek is 'n passievolle rolprentmaker en ek is passievol oor entrepreneurskap."

8 Donnalee sê sy voel baie bevoorreg *(privileged)* dat sy die grootste deel van haar werk in haar moedertaal kan doen. "Ek is verskriklik lief vir my taal. Afrikaans is 'n ongelooflike mooi taal en dit is 'n taal waarin jy gevoel en emosie op so baie verskillende maniere kan uitdruk." Donnalee is passievol oor die Afrikaanse rolprentbedryf en sê sy is dankbaar om 'n werk te hê wat so divers is en waar baie mense se stories vertel kan word.

9 Sy stem nie saam met die persepsie dat Afrikaanse flieks deur die jare beter geword het nie. "Vir my is dit al lankal goed. As jy dink aan flieks soos *Paljas* , besef jy dat goeie kwaliteit Afrikaanse flieks nog altyd gemaak word. Kanale soos M-Net en kykNET is wonderlike platforms waar mense nou hul stories kan vertel," verduidelik sy.

10 Donnalee weet dat sy in die openbare oog (public eye) lewe en onnodig gekritiseer word, veral op sosiale media. "Mense gaan altyd opinies hê, maar vir my is my sosialemediaplatforms 'n *celebration.* 'n Viering van ons werk of ons flieks of ons projekte, 'n viering van oomblikke of geleenthede."

Dit is baie maklik om dié donkerkop se innerlike en uiterlike skoonheid raak te sien. "Jy hoef nooit baie te hê om baie te gee nie," sê sy. "Wanneer die lig in jouself helder genoeg is, is daar meer as genoeg om dié lig ook op ander te laat skyn."



**(Verwerk en aangepas: Maroela Media, 14 Mei 2019)**

1.1 Skryf die **WOORD** in die titel neer wat beklemtoon word. [1]

1.2 Watter woord sê vir jou dat die fliek *Stroomop* deur mense van regoor die wêreld gesien is? [1]

1.3.1 Watter toekenning het Stroomop gewen?
Skryf TWEE opeenvolgende woorde as antwoord neer. [1]

1.3.2 In watter stad was die wêreldrolprentfees?
Skryf net die naam as antwoord neer. [1]

1.3.3 Waarom was Donnalee veral opgewonde toe Ivan Botha die toekenning gewen het?
Gee TWEE redes. [2]

1.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

1.4.1 Ivan Botha het grootliks tot *Stroomop* se sukses bygedra as 'n

A. akteur
B. skrywer en regisseur
C. sakevernoot
D. liedjieskrywer en sanger [1]

1.4.2 Wanneer jy "uit die veld geslaan is" [paragraaf 4], is jy

A. baie verbaas
B. deur iemand in 'n veld geslaan
C. in 'n fliek
D. 'n wenner van 'n toekenning [1]

1.5 Motiveer deur **EEN** woord aan te haal hoekom die volgende stellings ONWAAR is.

1.5.1 In 2019 was Donnalee Roberts en Ivan Botha getroud. [1]

1.5.2 Stroomop is 'n fliek vol romanse. [1]

1.6 "Hulle het het ook in Januarie vanjaar die klerereeks *The Romantic Collective* bekendgestel."

1.6.1 Na watter jaar verwys die datum "Januarie vanjaar"? [1]

1.6.2 Waarom kan ons sê dat Donnalee se klerekas klere bevat wat goeie herinneringe vir haar het?
Antwoord in jou eie sin/sinne. [1]

1.7 Hoekom kan Donnalee die grootste deel van haar werk in Afrikaans doen? [1]

1.8 Gee TWEE redes waarom Donnalee so lief vir Afrikaans is. [2]

1.9.1 Donnalee is nie net 'n aktrise nie.
Noem **TWEE** ander dinge waarin sy, volgens paragraaf 7, ook betrokke in is. [2]

1.9.2 Voltooi die sin deur die korrekte woord/woorde tussen die hakies te kies.

Op Laeveld Agrichem se Seil-safari was Donnalee die ( aktrise / klere-ontwerper / motiveringspreker) [1]

1.10 Kies uit **KOLOM B** die inligting wat by **KOLOM A** pas.
Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 1.10.1 Ridley Scott | A. M-Net en kykNET |
| 1.10.2 Onseepkans | B. Stroomop |
| 1.10.3 Media platforms | C. Een van die plekke waar Stroomop geskiet is. |
| 1.10.4 Ontdek jouself, aanvaar jouself en vergewe jouself. | D. Vorige wenner van die Grand Remi-prys. |
| | E. Johannesburg |

[4]

1.11 Watter TWEE opeenvolgende woorde in paragraaf 10 sê vir ons dat mense op sosiale media gaan en haar soms slegsê? [1]

1.12 Verduidelik in jou eie woorde wat Donnalee se leuse vir die lewe is. [1]


**[24]**

**STROKIESPRENT**

Lees die strokiesprent en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B:**

**Raampie 1** **Raampie 2** **Raampie 3**




1.13 In watter skoolvertrek vind hierdie gesprek plaas? [1]

1.14 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Wanneer iemand 'n " kans vat" verwag die persoon gewoonlik 'n

A. positiewe antwoord.
B. negatiewe antwoord.
C. vriendelike antwoord.
D. geen antwoord nie. [1]

1.15.1 Voltooi die sin deur die korrekte antwoord te kies.

In raampie 2 is Meneer baie [nederig / gelukkig / kwaad] [1]

1.15.2 Gee TWEE redes om jou antwoord te motiveer. [2]

1.16 Wat, dink jy, was Meneer se antwoord op Neelsie se vraag? [1]
**[6]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

- Skryf **SEWE** redes neer waarom elektroniese speletjies goed vir grootmense is.
- Skryf die redes puntsgewys neer.
- Nommer die sinne 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as **70 woorde** wees nie.
- Dui die **KORREKTE** getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C:**

**Elektroniese speletjies is goed vir grootmense**

1. Baie grootmense is moeg en frustreerd na 'n lang dag by die werk. Hulle moes deur verkeer ry, vergaderings bywoon, ens. Elektroniese speletjies kan hierdie grootmense help om te ontspan.

2. Elektroniese speletjies help hulle ook om meer gebalanseerd te lewe. Terwyl hulle speletjies speel, vergeet hulle van hulle verantwoordelikhede en pligte.

3. In die Verenigde State van Amerika speel ongeveer 50% van alle grootmense elektroniese speletjies. Dit help hulle om op sosiale vlak met nuwe mense te gesels, want 'n speler het altyd iets om oor te gesels wanneer hy/sy 'n medespeler aanlyn ontmoet.

4. Volgens navorsing versterk elektroniese speletjies paartjies se verhouding wanneer hulle saamspeel. Navorsing vind verder dat meer en meer paartjies betrokke by dié speletjies is.

5. Kreatiwiteit word deur elektroniese speletjies bevorder. Baie speletjies verg kreatiewe planne en skuiwe.

6. Dit is goed vir grootmense wat baie kompeterend is om elektroniese speletjies te speel. Dit leer hulle dat wen en verloor deel van die lewe is.

7. Elektroniese speletjies verbeter grootmense se oog-handkoördinasie. Goeie oog-handkoördinasie beteken dat jou hande en oë kan saamwerk, soos wanneer jy motor bestuur.

[Verwerk uit www.lifehack.org]

[10]

**TOTAAL VIR AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALWERK

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Die volgende taalvrae is op die advertensie gebaseer.

**TEKS D**




3.1 Wat word in bogenoemde teks geadverteer?
Haal 'n frase van **VIER** opeenvolgende woorde as antwoord aan. [1]

3.2 Die kompetisie is slegs vir hoërskool kinders.
Hoe word dié inligting beklemtoon? [1]

3.3 Skryf die volgende sin in die **TOEKOMENDE TYD** oor.

Leerders gebruik verf en kwasse in die Kunsklas. [1]

3.4 Skryf die **AFKORTING** tussen die hakies uit.

Kontak *ToekomsVonk* [i.v.m.] verdere vrae. [1]

3.5 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Leerders wen gewoonlik 'n duisend rand. [1]

3.6 Skryf net die **MEERVOUD** van die woord tussen hakies neer.

Hierdie kompetisie het twee leerders se [lewe] verander. [1]

3.7 Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Edwill en Lita skryf vir die kompetisie in. [1]

3.8 Skryf net die **VERKLEINING** van die woord tussen hakies neer.

Corli het 'n klein **[foto]** van die advertensie geneem. [1]

3.9 Vervang die woorde tussen die hakies met **EEN WOORD**.

Ons [die mense wat langs ons bly] het my met die projek gehelp. [1]

3.10 Skryf die korrekte **INTENSIEWE VORM** van die woord tussen die hakies neer.

Die tiener het die geld [nodig] om vir studies te betaal. [1]
**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

**TEKS E**

Die taalvrae wat volg is op die strokiesprent hieronder gebaseer.




4.1 Waarom het Ma-beer nog nie die pap gemaak nie? [1]

4.2 Skryf die volgende sin in die korrekte **WOORDORDE** neer.

Ma-beer [ in die kombuis, vroeg, staan, elke oggend] [1]

4.3 Skryf net die korrekte **VOORNAAMWOORD** neer.

Ma-beer het 'n strik in ...hare. [1]

4.4 Skryf die volgende sin in die **TOEKOMENDE TYD** oor.

Pa-beer is kwaad vir ESKOM. [1]

4.5 Skryf die korrekte **VERGELYKING** neer.

Ma-beer pronk soos 'n ... in haar nuwe voorskoot. [1]

4.6 Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Daar is borde en glase op die tafel. [1]

4.7 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE** oor.

Pa-beer vra: "Het ek die rekening betaal?" [1]

4.8 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** oor.

Daar is nog pap in die pot op die stoof. [1]

4.9 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen hakies.

Baba-beer lyk baie bekommerd. Sy papbord is leeg.[omdat] [1]


4.10 Skryf net die korrekte **VOORSETSEL** neer.

Die gesin eet gewoonlik ... agtuur in die oggend ontbyt. [1]
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT - TEKS F**

Die volgende taal is op die onderstaande artikel en prentjie gebaseer.
Daar kan opsetlike foute in die artikel wees.

**Lang toue mense staan lank in FNB om vir hulle ID's en paspoorte aansoek te doen.**



1. Mev. Kriek is baie kwaad. Sy het 'n afspraak gemaak om haar 5.2 (stiefseun) se nuwe ID-kaart te kry. Sy staan al ure in die tou. 5.3 (Sy wag vir die FNB-personeellid om haar te help.)
2. Mnr. Shange voel ongemaklik, want die man agter hom lê teen sy rug en slaap. 5.4 (hy se moenie teen my rug slaap nie)
3. Klein Jannie skrik groot toe Mev. Kriek op die man by die toonbank skree. Klein Jannie is 5.5 (jonk) as sy sussie.
4. Mev. Ndlovu het in haar etenstyd bank toe gekom om haar ID-kaart te kom haal. 5.6 (Sy sê: "Die tou is baie lank.") Haar baas weet nie sy is nie nou by die werk nie. Sy is bekommerd hy vind uit. Sy dink aan 'n verskoning ingeval hy haar bel. Mev. Ndlovu moet (5.7) ... voet werk toe loop.
5. Mnr. Nel se geduld is ook nou op. Hy is net daar om 5.10 ... nuwe paspoort af te haal. Hy het ook sy twee 5.11 (wagwoord) vergeet! Hy voel ook nog 5.12 (dronk) van gisteraand se partytjie. Moreoggend klim hy op 'n vliegtuig Duitsland toe. Hy sal sy werk verloor as hy nie op daardie vliegtuig is nie. 5.13 ( Mnr. Nel het sy vliegtuigkaartjie by die hotel vergeet.)Hy vra die oom agter Mev. Kriek om plekke met hom te ruil.

[Bron aangepas: Turicia Willemse]

5.1 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Die mense sal die paspoorte by die toonbank kry. [1]

5.2 Gee die **TEENOORGESTELDE GESLAG** van die woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

Sy het 'n afspraak gemaak om haar [stiefseun] se nuwe ID-kaart te kry. [1]

5.3 **STEL DIE VRAAG** sodat die onderstreepte deel die antwoord is.

Sy wag vir die FNB-personeellid <u>om haar te help</u>. [1]

5.4 Vul die korrekte **LEES-en SKRYFTEKENS** in.

hy se moenie teen my rug slaap nie [1]

5.5 Gee die korrekte **TRAPPE VAN VERGELYKING** van die woord tussen die hakies.

Klein Jannie is [jonk] as sy sussie. [1]

5.6 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE** oor.

Sy sê: "Die tou is baie lank." [1]

5.7 Vul die korrekte **VOORSETSEL** in.

Mevrou Ndlovu moet ... voet werk toe loop. [1]

5.8 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** oor.

Die mense staan elke dag in lang toue by die bank. [1]

5.9 Skryf die korrekte **INTENSIEWE VORM** van die woord tussen die hakies neer.

Jannie se lekkergoed is [hard]. [1]

5.10 Skryf net die korrekte **VOORNAAMWOORD** neer.

Hy is net daar om ... nuwe paspoort af te haal. [1]

5.11 Gee net die **MEERVOUD** van die woord tussen hakies.

Hy het ook sy twee (wagwoord) vergeet! [1]

5.12 Verskaf net die **IDIOOM** vir die woorde tussen die hakies.

Hy voel ook nog (dronk) van gisteraand se partytjie. [1]

5.13 Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** neer.

Mnr. Nel het sy vliegtuigkaartjie by die hotel vergeet. [1]

5.14 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen hakies.

Mnr. Nel is baie laat. Hy vra vir onmiddellike diens. (daarom) [1]

**[14]**

**TEKS G**

Die volgende vrae is op die onderstaande prentjie gebaseer.



© CanStockPhoto.com

5.15 Waarom, dink jy, steek die leerlinge hulle hande op? [1]

5.16 Wat beteken die **IDIOOM** tussen die hakies?

Die leerders het nie hulle take ingehandig nie; dus gaan (die poppe nou dans) [1]

5.17 Die leerders dra nie skooluniforms nie.

Wat kan die moontlike rede daarvoor wees? [1]

5.18 Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Die onderwyser gee eers die instruksies, dan doen die leerders die werk. [1]

5.19 Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING** oor.

Skryf asseblief in die boeke! [1]

5.20 **STEL DIE VRAAG** sodat die onderstreepte deel die antwoord is.

Die nuwe meisie kom <u>van Kaapstad</u>. [1]

**[6]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**